Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 22136
Extonweg
9313

Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

Verslag van die sesde Volksvergadering van: Die Geloftevolk van Suid-Afrika – 10 tot 12 Oktober 2014 - Dankbaar CVO Skool, Bloemfontein.

Hiermee doen die Geloftevolk Koördineringskomitee verslag van die verrigtinge van dié vergadering:

A. Sakelys:

1. Skrifgefundeerde weerbaarmaking van ouer en kind binne die huidiglike strafgerig ter nakoming van die Gelofte van Bloedrivier.

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding van Johan Erasmus. Binne Bybelse riglyne behoort ons weerstand te bied in die stryd teen die magte van die duisternis wat ons beleef as volk, as families, as gesinne, as ouers en kinders op al ons lewensterreine.

Hierdie weerstand moet voldoen aan die Bybelse beginsels van die Reinheid van die Laer volgens Mat. 18:20 en Deut. 23:9,14: “Wanneer jy as leër teen jou vyande uittrek, pas dan op vir enigiets wat verkeerd is.” “Want die HERE (JHWH) jou God wandel midde-in jou laer om jou te red en jou vyande aan jou oor te gee; daarom moet jou laer heilig wees, sodat Hy niks skandeliks by jou mag sien en Hom van jou afwend nie.”

Geestelike bewapening in ons volkstryd moet voldoen aan die volgende Bybelse vereistes: Op.12:11, 1Joh.1:5-9, Ef.6:10-18, 1Thes.5:8, 1Pet.4:1, 2Kor.10:3-4, 2Kor.6:7, Luk.11:21, Jes.49:2, 52:7, 59:17, Lev.11:44, 20:7, en 1Pet.1:15-16, Joh.3:20-21, Rom.13:12).

Die vergadering doen ‘n beroep op volksgenote om waar hulle hulself in hul onderskeie laers bevind, **seker te maak dat daar nie geheime ongeregtigheid is wat skeiding maak tussen hulle en ons hemelse Vader nie.** (2Kron.23:19, 2Kor.6:14) Voorbeelde waar geheime sondes ter sprake

was is: 1) Agan wat die bangoed gesteel het, 2) Joshua se verbond met die Gibeoniete, 3) Jónatan wat die heuning geëet het (1Sam.14:36-42), 4) Jona wat ongehoorsaam was, Matthias wie se hart reg was (Hand.1:26-28), ens. Die vergadering doen 'n beroep op volksgenote om in hul onderskeie laers hulle tot die HERE (JHWH) God te wend om **ongeregtighede met die lot uit te wys** volgens Jos7:13-14 en Spr.16:33, sodat elke laer tot geregtigheid kan vorder. Sodoende kan dit wat verkeerd is in elke laer reggestel word met die hulp van JHWH (die HERE) ONS GEREGTIGHEID - Jer.23:6, sodat elke laer uiteindelik tot oorwinning kan vorder op elke front van ons volkstryd.

2. Noodsaak vir die handhawing van Skrifgesag waaronder die Geloftevolk se Heilige kontrakte aangegaan is vir die stigting van die Huis van Bloedrivier.

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding deur Dr. Ronnie van der Merwe. 'n Oorsig is gegee van die unieke omstandighede waarin die nuwe Afrikanervolk ontwikkel het. Hierin is 'n eie karakter gebou wat gebasseer was op die godsdienstradisie van hulle voorouers met die State-Bybel as feitlik die enigste fundament en riglyn. Die neerslag wat die skrifgesag gevind het in die praktiese uitlewing van etos en volksgewete van die pioniersvolk, is voorgehou aan die hand van 'n aantal sosiale kriteria soos waarnemers van die outyd gerapporteer het. Die lewensetiek van die ouvolk is voorgehou van wat verwag en nagestreef kan word in die volkshuishouding wanneer die soewereine Huis van Bloedrivier as Teokrasie gaan funksioneer.

3. Komende Geloftedag herdenkings

Die vergadering neem met dank kennis van 'n dvd aanbieding deur Flip Swanepoel waarin die invloed van ons volksgeloftes op ons as volk se verlede hede en toekoms vertoon is. Volgens die navorsing rondom ons geloftes vorm die gelofte van Paardekraal die kern waarbinne ons as volk ons gelofte van Bloedrivier moet nakom en **as volk** jaarliks by Paardekraal byeen moet kom om ook die Paardekraal gelofte te eerbiedig wat vervul is met die ZAR se oorwinning oor die Britse ryk vanaf 16 Des.1880 te Paardekraal tot en met 27 Feb. 1881 te Majuba. Die dvd vat m.b.v. ou films die geskiedenis saam vanaf Van Riebeeck, wat in 1654 ons eerste gelofte afgelê het, tot en met die gebeure by Paardekraal en sluit dokumentere bewyse in waarin die Outentieke Geloftes van Bloedrivier en Paardekraal vertoon word.

Baie belangrik om op te let is die Paardekraal Gelofte van 13 Des. 1880, in Graniet gegraveer is op die Paardekraal Geloftefeesterrein:

Bestellings vir die dvd kan geplaas word by: 082 455 4303.

4. Veiligheid as behoueringsmaatreël vir die Geloftevolk

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding van Mnr Hein Marx. In 'n verslag waarna hy verwys voorsien hy 'n moontlike ekonomiese ineenstorting waarbinne grootskaalse anargistiese, lewensverlies en die vernietiging van infrastruktuur kan voorkom, maar die vergadering is van mening dat ons as volk gebuk gaan onder 'n strafgerig en dat ons heil in die Hand van ons Hemelse Vader lê wat die beskikker is van ons lot.

alternatiewelik:

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding van Mnr Hein Marx. In 'n verslag waarna hy verwys voorsien hy 'n moontlike ekonomiese ineenstorting waarbinne grootskaalse anargistiese, lewensverlies en die vernietiging van infrastruktuur kan voorkom. Hy beywer hom vir die daarstelling van maatreëls om die negatiewe effek van anargie te isoleer. Die vergadering is van mening dat ons as volk gebuk gaan onder 'n strafgerig en dat ons heil in die Hand van ons Hemelse Vader lê wat die beskikker is van ons lot.

5. Die God van Bloedrivier

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding van Jaco Diedericks, waarin hy uitgewys het dat die God van Bloedrivier, die Skepper God van Genesis 1 vers 1 is. Hy het ook baie klem gelê dat daar baie ander gode is binne die nasies van die wêreld, maar dat ons volgens die wet van ons hemelse Vader geen ander gode voor Sy Aangesig mag bring nie.

6. Skrifgefundeerde Volksverset

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding van Dr. Jann Schlebusch. Bybelse verset staan teenoor menslike rewolusie. Dit is duidelik uit beide die Ou en Nuwe Testamente dat ons hemelse Vader ons seën as ons gehoorsaam is en straf as ons ongehoorsaam is. Ons volk is nou onder 'n vreemde regering as gevolg van God se strafgerig.

Bybelse verset beteken ons moet alle lewensterreine onder God se gesag stel. Ons persoonlike lewe; ons huisgesin; ons werk; ons kerk; ons volk; en ook die staat. As die regering God ongehoorsaam is, het ons 'n verpligting om in verset te kom. Die Bybel leer nie pasifisme nie, maar geloofsdade.

As ons egter primêr ter wille van die volk en in ons eie krag in verset kom, kom ons ook teen God se gesag in opstand. Ons moet in volkome afhanklikheid van ons Vader in verset kom tot God's eer.

7. Geestelike opstand

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding van Hannes Ollewagen waarin hy hom as volg uitgelaat het: Dit is nodig dat ons sal ophou om passief rond te sit en geestelik verarm. Dit is tyd om te besin waarmee ons op 'n daaglikse basis besig is:

'n Gejaag na wind – Geld, sport en nietighede wat vir ons geen heil bring nie terwyl ons geestelike weerbaarheid skade ly.

Al wat die bose nodig het om te seëvier, is dat goeie mense niks moet doen nie. Ons kan dus nie terugsit en gelate aanvaar dat ons sedes, beginsels, ons volk en bowenal ons geloof in God Drie-Enig op 'n daaglikse basis aangeval en stukkie vir stukkie vernietig word sonder om die vaandel op te hef en te begin om weerstand te bied nie.

Ons verklaar nie oorlog nie, want die oorlog teen ons is dekades gelede alreeds verklaar. Ons hef egter die vaandel op om met waardigheid en in geloofsvertroue toe te tree tot die stryd om te stry as diensknegte van die Allerhoogste tot die eer van Sy Naam.

'n Voorstel is aanvaar dat Geestelike aksies geneem moet word as weerstandbieding teen aanslae van die vyande van ons volk en dat sodanige aksies aan Vader se beslissing onderwerp sal word.

Die volksvergadering besluit eenparig om te verenig onder die vaandel van Christus. Om hierdie besluit tot fisiese uiting te bring sal 'n verdere

ondersoek deur die GKK gedoen word en aan die volgende Volksvergadering verslag gelewer word.

8. Liedere

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding van Rolien Kleynhans. Kopiereg en uitvoerregte lê ons volk aan bande om vryelik liedere te sing en dat 'n oplossing bereik kan word deur 'n eie bundel te hersien.

Die vergadering versoek dat die bundel duidelik in afdelings (lied genres: Psalms, Gesange, Skrifberymings, Evangeliese liedere) verdeel moet word, aanpasbaar moet wees en nie permanente (hardeblad) binding moet wees nie.

Rolien sal in kontak bly met erkende Himnoloë in die land, en sal terugvoering gee aan die GKK omtrent die uitslae van daardie onderhandelinge sodra daar verwikkelinge is, sodat 'n komitee saamgestel kan word om ons eie liedboek te hersien.

9. Laer trek in krag en Waarheid

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding van Ockert Cornelius. Hy noem dat mens liggaam, siel en gees is sodat ons deur gebed in kontak kan kom met die Lewende God. Hy sê dat die geveg wat nou aangaan 'n geveg is tussen die bose en ons hemelse Vader. Ons is in 'n geestelike stryd. Die dimensie van siel en gees is 'n baie sterk wapen. Hy hou die voorbeeld van Dawid en Goliat voor. Gebed is die sleutel vir die volk. Geloof is nie iets wat oornag kom nie en dat mens 'n pad moet stap met ons hemelse Vader sodat geloof in Hom kan groei.

10. Volksondes

Reeds sedert die Vegkop Volksvergadering [2009] is verootmoediging 'n belangrike deel van die verrigtinge van die Volksvergaderings. Die vergadering bedank Lourens Joubert wat hierdie aangeleentheid behartig het as inleidend tot die verootmoedigings diens deur hom voorgegaan. Sy aanbiedings van die afgelope paar jaar is op www.volksvergadering.co.za beskikbaar.

Die volgende ongeregtighede is oor die jare geïdentifiseer en word tydens die verootmoedigings dienste bely as volksondes:

1. Ydellike gebruik van die Name van Vader en Seun
2. Sonde teen die Heilige Gees [Apartheid as sonde verklaar]
3. Sabbatsontheiliging
4. Skrifvervalsing deur vertaling
5. Ondermyning van Skrifgesag deur tekskritiek.
6. Sing van afgodsvererende liedere, spesifiek die Nasionale n'kosi volkslied
7. Godsdiensvryheid
8. Geestelike hoerery [multikulturele godsdiens]
9. Toekomsvoorspelling [sterre voorspel]
10. Eet van afgodsoffers
11. Etikettering van veral sportlui as sportsterre en ikone
12. Okkulte
13. Egskeiding
14. Vleeslike hoerery [bordele en egbreuk]
15. Multikulturele samelewing
16. Homoseksuele en lesbiese verhoudings en huwelike
17. Rasgemengde huwelike
18. Pornografie
19. Onsedelike kleredrag
20. Humanisme as plaasvervanging van ouerleiding
21. Broedertwis
22. Kwaadspreek/ skinder
23. Verdagmakery
24. Leuens
25. Hoogmoed en trots
26. Skynheiligheid
27. Eie wysheid
28. Vreesagtigheid
29. Gebruik van vloekwoorde
30. Evolusieleer
31. Verassing van geliefdes
32. Dobbelary
33. Drank – en dwelmmisbruik
34. Wanbetaling van ons Volksgeloftes
35. Doel as Godsvolk nie nastreef
36. Wêreldgelykvormigheid
37. Skriftuurlike Wetteloosheid en Liberalisme [Nuwe hervormers]
38. Teologiese relativisme / Post modernisme [Gebooie van mense]
39. Onskriftuurlike feeste
40. Diefstal
41.Materialisme / gierigheid
42. Rente heffing aan volksgenote
43. Korrupte geregtigheid
44. Kindermoord [aborsie]
45. Tatoeëring

Volgens Deut.28 en 29 sal Israel as volk geseën of gestraf word dienooreenkomstig hul onderhouding van die Gebooie. In terme van dié Skrifgedeeltes bevind ons as Skrifgefundeerde volk ons onder strafgerig en kan ons ons toestand verander deur ons sondes te identifiseer, dit te bely en

ons daarvan te bekeer. Ons is dus direk verantwoordelik vir die toestand waarin ons ons bevind. Ons sondes getuig teen ons en het 'n kloof tussen ons as volk en ons hemelse Vader laat ontstaan. Sondes kan vergewe word mits dit bely word voor ons Middelaar en Koning Jahshua die Messias [Jesus die Christus].

1Joh.1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. :**9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en reg-verdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig**. :**10** As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

B. Verslae:

Voortspruitend uit vorige Volksvergaderings is die volgende verslae gelewer:

1. Geskiedkundige oorsig oor grondbesit

1 HET ONS DIE GROND GESTEEL?

Die stelling word gemaak dat ons Blankes indringers in hierdie land is en dat ons die grond onregmatig bekom het. Verder dat die Swartmense die oorpronklike inwoners van Suid-Afrika was en dat die Blankes hulle verdring het. Hierdie stellings is nie waar nie. Eintlik is dit algemene kennis, maar die liberaliste en ander vyande van die Afrikaner is besig om hierdie kennis doelbewus te probeer vernietig. Hulle doen dit deur halwe waarhede en blatante leuens te verkondig in die media, in die skole en selfs van die preekstoel af.

Lees die waarheid oor die vestigings-patrone en grond-aansprake van die verskillende volke in Suider-Afrika - sodat ons geestelik weerbaar kan wees teen die psigiese oorlog wat ons vyande teen ons voer. God bepaal die lotgevalle van volke en mense en die geskiedenis wys ook Sy hand in ons volksplanting.

2 WIE WAS EERSTE HIER?

Die Koi (Hottentotte) en San (Boesmans) het hier gewoon lank voor die Swartes en Blankes. Hulle het regoor SA gewoon en veral in die waterryke dele oos van die Drakensberge (waar daar steeds Boesmantekeninge te sien is). Die Swartes het hulle verdryf en uitgemoor toe hulle hier ingetrek het.

Swartmense (Ras: Negroïde) is nie verwant aan die Koi- en Sanmense (Ras: Kapoïde) nie.

3 VESTIGING VAN SWARTES

Die Swartmense het uit midde-Afrika stadig suidwaarts migreer en hul voorpunt was teen die 15e eeu nog by die Limpopo. Die Blankes het eers in 1702 die eerste Swartes teëgekom by die Visrivier. Die Swartes kan in 2 hoofgroepe ingedeel word: Nguni en Sotho. Die Nguni het teen die ooskus afbeweeg en die Sotho in die sentrale dele. Die Swart volke het in die mees waterryke dele gevestig.

4 EUROPEËRS VESTIG BY KAAP

In reaksie op die Groot Kerkhervorming in die 16e eeu na Christus, het die Roomse Kerk en Roomse heersers die Protestante uitgemoor.

Die Nederlande het ‘n toevlug geword vir Protestantse vlugtelinge vanoor die hele Europa, maar veral vanaf Duitsland en Frankryk. Maar daar was nie werk vir almal nie

Die Nederlandse seevaartmaatskap-py (VOC) het opdrag gegee om in 1652 ‘n verversingspos aan die Kaap stig. Geloofsvlugtelinge kon hierheen immigreer, maar slegs immigrante met ‘n gereformeerde belydenis is toegelaat. Ons wortels is dus suiwer op die Woord van God gevestig. Twee jaar na Jan van Riebeeck se koms, het hy dan ook 'n **gelofte** afgelê dat ons elke jaar op 6 April in dankbaarheid sal dink aan ons Vader se bewarende en seënende hand oor die beginjare van die verstiging aan die Kaap.

5 BLANKES TREK DIE BINNELAND IN

Net toe die Trekboere begin om na die Oos-Kaap te trek, breek daar ‘n Pokkies-epidemie onder die Hotten-totte uit en wis hulle omtrent heel-temal uit. Daarom was die Oos-Kaap onbeset toe die Boere daar intrek!

6 DIE GROOT TREK

Teen 1836 het die Voortrekkers hul vryheid noordwaarts in die Vrystaat, Transvaal en Natal gaan soek. Hulle het ‘n manifes met ‘n gedragskode opgestel. Daarin staan dat hulle geen volk sal molesteer nie en nie die geringste eiendom van enigiemand sal ontneem nie, maar dat hulle hulself sal verdedig tot die uiterste as hulle aangeval sou word. In navolging hiervan het hulle dan ook net grond beset wat onbeset was of gekoop of geruil en per ooreenkoms bekom was. Hulle het wel op sommige plekke grensgebiede by die Swartes afgeneem as ‘buffer’ omdat die Swartes gedurig hulle vee gesteel het.

Toe die Boere die binneland intrek, was dit heeltemal ontvolk deur die Zoeloes se uitwissingsoorloë! Daar was net leë krale en doodsbeendere. Mzilikatze het die Sotho-volke in die Noord-Vrystaat en Transvaal uitgemoor

en Shaka en Dingane die Pondo's en Swazis in Natal. Die paar Sotho's wat oorleef het, was so dankbaar teenoor Potgieter, dat hulle hom die hele Suid-Transvaal gegee het. Retief het ook 'n skriftelike ooreenkoms mat Dingane gesluit vir hul gebied in Natal. Die volgende koning (Panda) het dit ook erken.

7 GRENSE

Die Britte het aan Lesotho, Swaziland en Botswana selfbestuur gegee, maar wou nie vir Zoeloeland en Transkei gee nie, want hulle het kusgebiede gehad en die Britte was bang hulle gee vir die Boere hawens. Hulle grense was egter ook internasionaal erken. Die gebiede is nie deur die Blankes bepaal nie. Dit is waar die Swartes gevestig het.

8 'NATURELLEN GROND WET' 1913 EN DIE 'NATURELLETRUST- en GRONDWET' VAN 1936

Dit is 'n leuen dat 'hierdie wette daarop gemik was om die Blankes te bevoordeel ten koste van die Swartes wat deur die wette verhinder is om in die Blanke gebiede grond te koop'. Verder dat Swartes deur hierdie wette ontneem is en afgesit is van hulle eiendom sodat Blankes daar kon vestig.

Die waarheid is dat die wette se doel was om Blankes te stop om tradisioneel Swart-gronde te koop. Verder om Blanke grond te onteien om Swart gebiede te konsolideer. Waar swartes verskuif is, het hulle telkens beter en groter gebiede gekry. As Lesotho, Swaziland en Botswana ingereken word, het Swartes byna die helfte van die grond gehad in die Apartheidsjare. Hierbenewens het hulle ook die hoogste reënvalgebiede gehad.

Vir die volledige publikasie, kontak Dr. Jann Schlebusch by 0729593214 of besoek www.volksvergadering.co.za

2. Voedselwette

Die voedselkomitee se ondersoek duur voort na alle skadelike voedselsoorte en bymiddels. Volksgenote raak toenemens bewus van die nadelige uitwerking van genetiese gemanupileerde voedsel en ander bymiddels en word versoek om toepaslike inligting met die komitee te deel by: voedselkomitee.gkk@gmail.com

3. Godsdienstige sertifisering van voedsel

Na aanleiding van 'n referaat tydens die Orania Volksvergadering [2011], waarin die Moslem- en Joodse etikettering van voedselprodukte, asook die wyding daarvan aan afgode, aan die orde gekom het, het die Nasionale

Assosiasie en Koalisie van Christen Groepe en Individue [NAKCGGI] tot stand gekom. Laasgenoemde het 'n hofgeding teen die Staat begin waarin gevra word dat die toelating daarvan demografies moet geskied en die godsdienstige groepe wat sodanige etikettering vereis, self die kostes daarvoor moet dra. Op die oomblik dra ongeveer 98% van die bevolking die koste verbonde aan die etikettering van voedselprodukte wat deur ongeveer 2% van die bevolking verkies word. Hierdie koste beloop jaarlike etlike miljoene rand. en bied geen voordeel vir die Christen deel van die bevolking, wat in terme van Op.2:12-29 die gevaar loop om swaar gestraf te word vir die eet van afgodsoffers.

Die Staat het kennis gegee dat hul die saak gaan opponeer, maar tot nog toe dit nie gedoen nie. Die Moslems en Jode het wel verweer aangeteken en die Koalisie het daarop repliek gelewer.

Ondertussen is die volgende konsep wysigings [wat op ons saak betrekking het] tot die betrokke wet: "FOODSTUFFS, COSMETICS AND DISINFECTANCE ACT, 1972." deur die Minister van Gesondheid ter tafel gelê:

> "Regulation 16 (1) (b) of R429/29 May 2014:*
>
> * 16 (1) The following information or declaration shall not be reflected on a label or advertisement of a food:*
>
> * (b) endorsements by spesific religious entities, unless food buisness operators give consumers their constitutional right of freedom of choice, by making such foods without any particular religious endorsement available on the shelf at all times."*

Die NAKCGGI se regsverteenwoordiger bevestig dat bogenoemde voorgestelde wysiging presies die regshulp is wat die Koalisie versoek het in die aansoek en is ons daarvan oortuig dat ons die enigste groep is wat so 'n aansoek teen die Minister geloods het.

Die NAKCGGI se regsverteenwoordiger en lid van die komitee, nl. Migael Lombaard gaan gevolglik voort om met die Minister van Gesondheid te onderhandel om sodoende die saak dienooreenkomstig te skik.

4. <u>Kollektiewe Landbougemeenskappe</u> -

Tot op hede het die pogings om kollektief saam te trek gekom vanuit die behoudende deel van ons volk. Die weinige suksesse is grootliks toe te skryf aan ons inherente aard van wederstrewigheid en tweedrag op bykans elke lewensterrein. Daar waar tans nog eksklusiewe Afrikaner gemeenskappe bestaan, nl. Orania en Kleinfontein, bestaan geen inherente finansiële

volhoubare instandhouding nie en kan dus slegs as veilige woonbuurte beskou word.

Wanneer ons as volk weer van nuut af gevestig gaan word, sal landbou as hulpbron na alle waarskynlikheid as primêre industrie benut moet word om ons aanvanklik moontlike yl bevolking volhoubaar selfonderhoudend te maak. Dit is ook heel waarskynlik dat vleis- produksie 'n belangrike faktor sal wees in die betrokke landbougebied. Die verwerking en verspreiding van vleis (intern sowel as buite die grense) bied 'n gunstige potensiaal om (ten minste) aanvanklike migrerende nie-grond eienaars met beperkte kapitaal, in selfonderhoudende en florerende besigheidskommunes te vestig. Bestuurs- en besigheids-planne kan aan voornemende beleggers beskikbaar gestel word.

Ooreenkomstig ‘n besluit van Volksvergadering 2013 is ondersoek ingestel na Copperton vir moontlike vestiging van volksgenote. Die ondersoek is op Lüderitz begin. Waar daar 8 jaar gelede geen sprake van 'n werkende spoorlyn vanaf Lüderitz na RSA was nie, is dit nou bykans voltooi. Dit laat die profesie van die Boereprofeet, Siener van Rensburg, in vervulling gaan. Copperton is naby Prieska geleë. In hierdie gebied is nog sowat 300000 ha landbougrond wat aan vryheidgesinde volksgenote behoort. Copperton beslaan 50 huise wat deur blankes bewoon word. Die dorpie sowel as die plaas waarop dit geleë is, behoort aan een persoon wat tans ongelukkig nie met volks-sentimente begeesterd is nie. Daar bestaan tans geen besigheid of enige geldgenererende onderneming wat deur die inwoners bedryf word nie. Naby die dorpie is die Alkantpan militêre toetsterrein. Hier word onder andere buitelandse toerusting getoets.

Volksgenote wat belang stel in die vestiging van kollektiewe landbou gemeenskappe kan met die komitee skakel by bovermelde adresse.

5. Volksmoord onder die dekmantel van kriminaliteit

Na aanleiding van ’n besluit van Volksvergadering 2013 is ’n handleiding opgestel waarin riglyne voorgestel is vir wetlike defensiewe optrede in geval van ’n aanval op enige lid van die publiek en/of sy of haar afhanklikes. In die verslag word verskeie situasies bespreek en die aangewese optredes. Die handleiding is beskikbaar by www.volksvergadering.co.za

Die aanloop tot die verslag het die huidige situasie geskets waarin die aanslag op die blanke bevolking van hierdie land, neerkom op volksmoord, en dat die huidige regime dit ontken en as gewone kriminaliteit bestempel.

6. Volkseie arbeid

Die vining verswakkende arbeidsituasie in die land laat die ruimte om met georganiseerde blanke arbeid sekere landbousektore te betree. Navorsing

wat ons gedoen het dui daarop dat bemarking van blanke arbeid op 'n makelaarsbasis mooontlik die aangewese pad is in die huidige omstandighede (Tog mag die situasie drasties verander in die soewereine Gelofteland).

Om die makelaarspad te loop moet makelaars inisiatief met voldoende bestuursvernuf en aanvangskapitaal vir indiensneming en dienslewering beskikbaar kom. Verder moet begin word met opleiding om in spesifieke landbou sektore bevredigende diens te kan lewer.

Ons is tans besig om hierdie sake te ondersoek en wil poog om praktiese opleiding aan die gang te kry. Leerplanne moet opgestel word sodat kandidate aan minimum vereistes kan voldoen om aan makelaars sekerheid van werkersbekwaamheid te bied asook om gehalte diens te verseker. Daar sal mettertyd op die komende Volksvergaderings na gelang van vordering oor hierdie sake verslag gedoen word.

7. Onderwys

Die Onderwyskomitee het nie vergader nie, maar wel kennis geneem van heelwat pogings om die benarde posisie van onderwys in ons volk aan te spreek.

1. Die BCVO (Beweging vir Christelike Volkeie Onderwys) is al goed gevestig en daar is heelwat CVO skole in die land. Hulle het ook tot onlangs hul eie eksamen-owerheid gehad en is deur die staat se eksamen-owerheid (Umaluzi) erken. Daar het egter toenemend spanning opgebou tussen die twee en uiteindelik het die staat die erkenning beëindig. Die CVO skole gaan egter voort en skryf nou die staat se matriek-eksamen. In die provinsies van die ou Transvaal gaan dit goed met die CVO skole. Ook die CVO skool by Orania gaan goed aan. In die Vrystaat gaan dit egter nie so goed nie. Die skole van Excelsior, Bethlehem en Heilbron het gesluit. Die skool by Bloemfontein voer maar 'n sukkelbestaan met 'n leerlinggetal van ongeveer 80 van voorskool tot graad 12. Die skool by Frazerburg moes ook sy direkte onderrig staak en gaan net voort met sy afstand-(rekenaar)onderrig.
2. Tuisonderrig: Tuisonderrig neem wêreldwyd sterk toe. Ook in Suid-Afrika. Die meeste ouers wat tuisonderrig aanbied, maak van Afstandonderrig gebruik. Daar is bestaan afstandonderrig vir laer- en hoërskool. Die bekendste Afrikaanse stelsel is seker Breinlyn. Hulle het ook van die BCVO se matriekeksamen gebruik gemaak. Dit lyk ook of Breinlyn se gewildheid afneem. Daar is heelwat Engelse programme. Cambridge bied dit onder andere aan en daar is ook Amerikaanse programme. Daar

bestaan ‘n goeie, regsinnige Amerikaanse program wat ons kan aanbeveel as daar belangstelling is.

3. Orania het ook rekenaargedrewe skool wat afstandonderrig ook aanbied. Orania het ook ‘n tegniese skool wat goed funksioneer.
4. Op tersiêre vlak bestaan daar ‘n oorkoepelende liggaam wat die verskillende pogings ko-ordineer en ondersteun: Die VCHO (Vereniging vir Christelike Hoër onderwys.) Enige poging van ons kant om hieroor ‘n inset te lewer, sal dit moet verreken en ons kan dalk eerder die VCHO ondersteun as om ‘n nuwe poging te loods.

4.1 Aros is ‘n Onderwyserskollege wat deur die Gereformeerde Kerk van SA gestig is. Hulle funksioneer egter onafhanklik en bestaan al geruime tyd. Hulle strewe na selfstandige akkreditasie. Hulle het tot onlangs ook opleiding vir onderwysers in hoër grade gegee, maar voorlopig spesialiseer hulle in Grondslagfase.

4.2 APA (Afrikaanse Protestantse Akademie). Dit is gestig met die primêre doel om Teologiese opleideing te gee vir die Afrikaaanse Protestantse Kerk. Hulle bied egter ook ‘n BA-graad in Sielkunde aan. Hulle werk saam met die Universiteit van Pretoria, maar die vakinhoud is hul eie.

4.3 Solidariteit-Akademie is onlangs gestig vir tersiêre tegniese opleiding. Daar is heelwat belangstelling en ondersteuning hiervoor en die poging gaan waarskynlik suksesvol wees.

5. Ockert Cornellisen het aangedui dat hy graag behulpsaam wil wees met die daarstelling van ‘n volkseie onderwysstelsel.

8. Geskiedkundige en wetenskaplike ontwikkeling van kalenders en almanakke

Die Kalenderkomitee het tydens die 2014 Konsilie by Vegkop ‘n bespreking gehou wat gehandel het oor: Die vasstelling van kriteria om kalenders te evalueer in die lig van Bybelse vereistes. Die komitee het verskeie insette ontvang wat handel oor kalenders, selfs uit die antieke Bybelse tyd. Ondersteunende materiaal is vanuit die Apokriewe- en Deutero-kanonieke boeke, geskiedkundige bronne en argeologiese fondse. Aanbiedings van verskeie antieke kalenders wat dateer uit die Bybelse tyd word in die vooruitsig gestel vir 2015. Nog insette word verwelkom. Kontak die komitee by kalenderkomitee.gkk@gmail.com

Vrede

Dr. Ronnie van der Merwe

Voorsitter Geloftevolk Koördineringskomitee (GKK).